

**18 Julie**

**Jakobus 3:1-12**

(Teks: 3:5)

***Tel jou woorde***

Telkemale kom die voorneme: Ek sal nie weer iets leliks van iemand anders sê nie. Maar voor jy jouself kan keer, struikel jy en vloei ondeurdagte woorde alweer oor jou lippe.

Jakobus roep jou op om jou woorde te tel en af te weeg in die lig van God se Woord. Want jou tong het 'n groot invloed op jou en jou naaste se lewe. Net soos 'n stang in 'n perd se bek die dier se hele liggaam beheer, so beheer jou tong ook jou gesindheid teenoor God en jou naaste. So kan selfs een ondeurdagte woord 'n huwelik of jarelange vriendskap verwoes. Oppas! Jou tong kan 'n vuur wees wat alles rondom hom verwoes.

Selfs gelowiges struikel oor die onbeheerbaarheid van hulle tong - nie één is onskuldig nie. Want met dieselfde tong waarmee ons God vandag loof en prys, breek ons môre as gelowiges mekaar se karakters af.

Ons tong is baiekeer soos 'n mes met twee snykante. Aan die een kant 'n lem wat sag en versigtig sny en vorm, maar aan die ander kant 'n rowwe lem met skerpgepunte tande wat uitmekaar skeur.

Begin daarom vandag met Dawid se gebed in Psalm 141:3: "*Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.*" Die mond van 'n regverdige moet soos 'n fontein wees wat soet water gee, nie brak water nie. Kyk terug oor die tong-sondes van jou lewe - die puinhope van seergemaakte lewens - met dié gebed in jou hart "Vader, vergewe my my tong-sondes. Gee my krag om my tong en mond 'n fontein van soet water vir U en my naaste te maak".

Sing Psalm 19:7

Ds. H.B. Coetsee (Delarey)